## 16.4 RAPPORT 3 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – *SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE*

## 16.4 REPORT 3 – DEPUTIES ECUMENICITY INLAND – *SOUTH AFRICAN COUNCIL OF CHURCHES*

| | |
|---|---|
| **1. Suid-Afrikaanse Raad van Kerke** | **1. South African Council of Churches** |
| 1.1 *Opdrag (Acta 2015:150, 1.3.1 en 1.3.2)* | 1.1 *Mandate (Acta 2015:150, 1.3.1 and 1.3.2)* |
| 1.1.1 Die te benoeme Deputate moet aan die werksaamhede van die SARK deelneem via relevante insette en getuienis. | 1.1.1 The to be appointed Deputies must participate in the activities of the SACC via relevant inputs and testimony. |
| 1.1.2 Die te benoeme Deputate moet Sinode 2018 adviseer oor die wenslikheid om die opdrag na Sinode 2018 voort te sit. | 1.1.2 The to be appointed Deputies must advise Synod 2018 regarding the desirability to extend the mandate beyond Synod 2018. |
| 1.2 *Vir kennisname* | 1.2 *To be noted* |
| 1.2.1 Die uitvoering van die opdrag is bemoeilik deur die feit dat die GKSA geen vorm van lidmaatskap van die SARK beklee nie (kyk Acta 2012:194, 1.7.1 en 1.7.2). | 1.2.1 The execution of the mandate was hindered by the fact that the GKSA does not hold any form of membership within the SACC (see Acta 2012:194, 1.7.1 and 1.7.2). |
| 1.2.2 Die Deputate was afhanklik van die SARK se eie mediaverklarings en algemene beriggewing in die media om die opdrag uit te voer. | 1.2.2 The Deputies were dependent upon the SACC's own media statements and general media coverage to execute the mandate. |
| 1.2.3 Deputate het in 2017 die driejaarlikse konferensie van die SARK sonder enige amptelike lidmaatskapstatus bygewoon, en hieroor sal aanvullend gerapporteer word. | 1.2.3 Deputies attended the tri-annual conference of the SACC in 2017 without any official membership status, and this report will be supplemented in this regard. |
| 1.3 *Vir besluitneming* | 1.3 *To be decided* |
| 1.3.1 Die te benoeme Deputate moet aan die werksaamhede van die SARK deelneem via relevante insette en getuienis as uitlewing van die GKSA se roeping om profeties aan ekumeniese liggame deel te neem. | 1.3.1 The to be appointed Deputies must participate in the activities of the SACC via relevant inputs and testimony as expression of the GKSA's calling to participate prophetically in ecumenical bodies. |

*Rapporteur:* Prof H Goede

*Reporter*: Prof H Goede